

Lekkerbekkie Nuusbrief

4 FEBRUARIE 2015 | UITGAWE 86



Inhoud:

- * Kinderstorie: Thomas gaan maan toe (deur Corlie Putter)
- * Produk van die week: Ruimte-stories op CD!
- * Inkleurprentjie: Thomas gaan maan toe

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Thomas gaan maan toe deur Corlie Putter

Die maanmannetjie vat die visstokkie wat langs sy huisie staan, en loer oor die randjie van die maan. Stoutereg gooi hy die visstok se lyntjie met die hoekie en die sinkertjie aan, al die pad af, af, af tot daar onder op die aarde waar klein Thomas, die seuntjie, sy aandete sit en eet. Toe Thomas nie kyk nie, haak die maanmannetjie 'n sappige hoenderboudjie aan die hoekie, lig dit uit Thomas se bord en katrol dit vinnig terug tot op die maan!

Thomas kyk na sy bord. "Haai!" roep hy verbaas. "Wie het van my kos gesteel?" Hy soek onder die tafel en agter sy stoel, maar daar is niks.

Die maanmannetjie rol rond in die maanstof en hy lag te lekker vir Thomas se soekery! Hy dink dis baie snaaks. Hy lag só hard dat hy sy balans verloor en van die maan af val! Net betyds gryp hy aan die puntjie van die maan vas, en daar hang hy nou tussen hemel en aarde!

"Help!" roep die maanmannetjie, maar niemand hoor hom nie. Hy skop woes met sy beentjies, en een van sy klein maanplakkies val van sy voet af. Dit land DOEMS! op Thomas se kop.

"Eina!" roep Thomas. Hy vryf sy kop en kyk op, en daar sien hy die maanmannetjie aan die punt van die maan hang!

"Liewe land!" roep Thomas met groot ogies. "Jy gaan mos val!" Dadelik gaan haal hy sy pappa se lang leer. "Ek kom!" roep Thomas, en hy klim teen die lang leer op. Die wind waai sterker en sterker, en Thomas moet klou om nie te val nie. Dit vat baie, baie lank voor hy uiteindelik by die maan kom.

Op die randjie van die maan lê die maanmannetjie se visstokkie nog. Thomas tel dit op, gooi die lyntjie oor die rant van die maan, en haak die maanmannetjie aan sy broekie. Gou katrol hy hom op. Die maanmannetjie is só bly dat hy sommer op en af spring van blydschap. En o aarde! Daar stamp hy die leer om! Thomas probeer keer, maar die leer val al die pad terug aarde toe!

"Hoe gaan ek nou by die huis kom?" vra Thomas vies vir die maanmannetjie. Die maanmannetjie dink en dink, en dan kry hy 'n slim plan! Hy en Thomas gaan sit op die rantjie van die maan, en hulle wag en hulle wag. Die maan sak al hoe laer en laer, al nader en nader aan die aarde! En toe, net voor die maan agter die aarde insak om te gaan slaap, wip Thomas af. Hy land net mooi voor sy kamervenster. Hy waai vir die maanmannetjie tot hy die maan nie meer kan sien nie, en gaan dan by sy huis in om sy aandete te gaan klaar eet.

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstories-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Nuwe ruimte-stories nou in Afrikaans én Engels!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

“Tim en Tim-Tobie se ruimte-avontuur” is 'n slinternuwe storie-CD deur Anna Emm wat gaan oor twee boeties wat 'n ruimtetuig bou. Dis net 'n speel-speel ruimtetuig, maar toe 'n ruimtemannetjie dit in die tuin sien staan, vra hy of hy dit kan leen. En daar beland Tim en Tim-Tobie toe in 'n baie groot ruimte-avontuur! OOK IN ENGELS BESKIKBAAR AS “TIM AND TIM-TOBY'S BIG SPACE ADVENTURE”.

Koop hierdie ruimte-CD hierdie week vir slegs R85 by enige AnnaEmm agent! Of bestel teen die gewone prys (R95) direk by ons. **SPEIALE PRYSE SLEGS BY AGENTE BESKIKBAAR.** Kontak 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za vir 'n AnnaEmm agent in jou area! Aanbod geldig tot 9 Februarie 2015.

Nuwe kinderstories op CD!

Die tweeling, Tim en Tim-Tobie, besluit om 'n ruimtetuig te bou - sommer 'n speel-speel ene met 'n dak van karton.

Maar toe kry 'n regte egte ruimtemannetjie die ruimtetuig in die tuin, en vra of hy dit kan leen... En daar beland Tim en Tim-Tonie in 'n baie groot ruimte-avontuur!

Stories op die CD:

1. Die ruimtetuig
2. Die petrolstasie
3. Die ruimtekonink
4. Die regte skelm

Also available in ENGLISH!

Spesiale aanbod:
Koop “Tim en Tim-Tobie se ruimte-avontuur”
@ slegs R85!

Gewone prys R95
Aanbod geldig tot 9 Feb!

annaemm
kinderstories

Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Thomas gaan maan toe illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za